



KENNISGEWING NO: 14/2016
BEGROTING 2016/2017

Met hierdie kennisgewing word alle belanghebbende partye se aandag op die onderstaande gevestig:

Op 06 Junie 2016, het die Raad van Kannaland Munisipaliteit ingevolge die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelasting, 2004 (Wet nr.6 van 2004), die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet nr. 32 van 2000), en die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet nr.56 van 2003), eiendomsbelasting en dienstegelde vasgestel ten einde sy begroting van 2015/2016 te laat klop. Die eiendomsbelasting en dienstegelde sal met ingang van 1 Julie 2015 van krag wees.

A. EIENDOMSBELASTING:

- 1.1 **EIENDOMSBELASTING OP ALLE RESIDENSIËLE EIENDOMME OMSKRYF IN ARTIKEL 17(1)(h)(ii) VAN WET NR. 6 VAN 2004** word soos volg gehef:

Die tarief op die totale waardasie: R0,0121280

- 1.2 **EIENDOMSBELASTING OP ALLE BESIGHEDE / INDUSTRIËLE EIENDOMME IN DIE KANNALAND MUNISIPALE AREA** word soos volg gehef:

Die tarief op die totale waardasie: R0,0221290

- 1.3 **EIENDOMSBELASTING OP ALLE LANDBOU EN OPENBARE SEKTOR INFRASTRUKTUUR EIENDOMME IN DIE KANNALAND MUNISIPALE AREA** word soos volg gehef:

Die tarief op die totale waardasie R0.0030337

- 1.4 **EIENDOMSBELASTING OP ALLE GASTEHUISE IN DIE KANNALAND MUNISIPALE AREA** word soos volg gehef:

Die tarief op die totale waardasie R0.0151572

- 1.5 **EIENDOMMSBELASTING OP HUISWINKELS IN DIE KANNALAND MUNISIPALE AREA** word soos volg gehef:

Die tarief op die totale waardasie R0.0127336

- 1.6 **EIENDOMSBELASTING OP ALLE EIENDOMME VAN OPENBARE VOORDEEL-ORGANISASIES** word soos volg gehef:

Die tarief op die totale waardasie R0.0024270

2. **DIE VOLGENDE UITSONDERINGS / VRYSTELLINGS / KORTINGS OP EIENDOMSBELASTING SAL TOEGESTAAN WORD**

2.1 **ONTOELAATBARE BELASTING**

In terme van Artikel 17 van die Wet op Plaaslike Regering : Munisipale Eiendomsbelasting, 2004 (Wet no.6 van 2004) word 'n Munisipaliteit nie toegelaat om belasting te hef:

- 2.1.1 op die gedeeltes van 'n natuurreservaat, nasionale park of 'n natuurreservaat soos omskryf in die Beskermd Areas Wet nie;
- 2.1.2 op die eerste R15 000.00 van die markwaarde van 'n eiendom soos bepaal in die waardasierol of aanvullende waardasierol vir 'n kategorie soos bepaal deur die Munisipaliteit:
- (i) vir verbeterde residensiële eiendomme ;
 - (ii) vir die residensiële gedeelte van eiendomme met meervoudige gebruike ;
- 2.1.3 op 'n eiendom wat geregistreer is in die naam van en wat uitsluitlik gebruik word as 'n plek van openbare aanbidding, asook die amptelike woning wat deur 'n ampsbekleër bewoon word .

2.2 **KORTING TEN OPSIGTE VAN SONERING**

- 2.2.1 Persele wat vir woondoeleindes gesoneer is en uitsluitlik vir woondoeleindes gebruik word en waarvan die totale waardasie R40 000.00 of minder is, sal outomaties van die betaling van eiendomsbelasting vrygestel word;
- 2.2.2 Persele wat vir verbeterde woondoeleindes gesoneer is en uitsluitlik vir verbeterde woondoeleindes gebruik word en waarvan die totale waardasie R40 001.00 of meer is, sal geen vrystelling soos in 2.2.1 hierbo toegestaan word nie. Afdelings 2.1.3 sal van toepassing wees in hierdie gevalle waar die, ontoelaatbare belasting van die eerste R15 000.00 van die markwaarde van 'n eiendom, hier in berekening gebring word.

2.3 **KORTING TEN OPSIGTE VAN PENSIONARISSE**

Ten opsigte van paragraaf 2.2.2 "n 30% addisionele korting aan persone wat 60 jaar of ouer is.

Vir die doeleindes van 2.3 word 'n belastingpligtige soos volg omskryf: "n Geregistreeerde eienaar van 'n belasbare eiendom wat dit bewoon en dit beheer en wat vir die betaling van die belasting daarop verantwoordelik is.";

2.4 **KORTING TEN OPSIGTE VAN LANDELIKE GEBIEDE ASOOK OPENBARE SEKTOR INFRASTRUKTUUR.**

- 2.4.1'n Korting van 75% op belasting (verwys na 1.3) sal toegestaan word aan persele in die landelike gebiede wat vir landboudoeleindes gesoneer en gebruik word.



- 2.4.2 'n Korting van 75% op belasting (verwys na 1.3) sal toegestaan word aan persele wat as openbare sektor infrastruktuur gesoneer is.
- 2.4.3 Geen korting sal toegestaan word waar besighede in die landelike gebiede bedryf word nie.
- 2.4.4 Die korting toegestaan aan landbou-eiendomme sal gelyk aan vyf en sewentig persent (75%) van die koers wat ander belasting betalers betaal. Die gedifferensieerde koers sal soos volg bereken word:
- a) 'n 5% vermindering weens die feit dat die munisipaliteit nie munisipale paaie voorsien nie;
 - b) 'n 5% vermindering weens die feit dat die munisipaliteit nie riooldienste voorsien nie;
 - c) 'n 5% vermindering weens die feit dat die munisipaliteit nie elektrisiteit dienste voorsien nie,
 - d) 'n 10% vermindering weens die feit dat die munisipaliteit nie water dienste voorsien nie;
 - e) 'n 10% vermindering weens die feit dat die munisipaliteit nie vullis dienste voorsien nie;
 - f) 'n 10% vermindering weens die feit dat die eienaar van die plaas voorsien meer as 1- 10 huise vir plaaswerkers.
 - g) 'n 20% vermindering weens die feit dat die plaas eienaar verskaf meer as 10 huise vir plaaswerkers;
 - h) 'n 10% vermindering weens die feit dat die eienaar van die plaas verskaf werks geleentheid vir minder as 10 permanente plaaswerkers
 - i) 'n 20% vermindering weens die feit dat die eienaar van die plaas voorsien werksgeleentheid vir meer as 10 permanente plaaswerkers.

1.) SLEGS EEN VAN (F) & (G) IS VAN TOEPASSING

2.) SLEGS EEN VAN (H) & (I) IS VAN TOEPASSING

2.5 KORTING OP ERWE AAN SOSIO-EKONOMIESE ORGANISASIES

'n Korting van 80% op belasting sal toegestaan word aan sosio-ekonomiese organisasies gebaseer op tariewe soos van toepassing in die Kannaland Area met verwysing na afdeling 1.6 hierbo. Slegs as 'n belasting sertifikaat getoon word.



B. VERBRUIKERSTARIEWE EN MUNISIPALE BELASTING(BUITEN EIENDOMSBELASTING)

Ingevolge Artikel 75A(1)(a) van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 of 2000) en Artikel 12 van die Wet op Munisipale Fiskale Magte en Funksies, 2007 (Wet Nr. 12 van 2007) is die volgende tariefverhogings goedgekeur:

Elektrisiteit	:	7.64%	(In afwagting vir NERSA goedkeuring)
Water	:	8%	
Belasting	:	8%	
Vullisverwydering	:	8%	
Riool	:	8%	
Alle ander tariewe	:	8%	

- C. Die volledige tarieflys en verdere besonderhede lê ter insae by die Munisipale kantore en biblioteke in Ladismith, Vanwyksdorp, Zoar en Calitzdorp.


MNR. MM HOOGBAARD
MUNISIPALE BESTUURDER